MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

23 Oktober 2020

OB 28/K3-2020: BEHEERLIGGAAM TUSSENVERKIESING: 5 NOVEMBER 2020

Beste Ouers

Die Beheerliggaam Tussenverkiesing van 22 Oktober 2020 kon nie gefinaliseer word nie, aangesien daar nie 'n kworum van ouers teenwoordig was nie.

Die prosedure vir beheerliggaamverkiesings, soos aangekondig in die Buitengewone Provinsiale Koerant van 31 Januarie 2006 en Provinsiale Kennisgewing 156/2017 van 17 Augustus 2017, sal geld vir hierdie proses.

Soos kennis gegee in OB 23/K3-2020, vind 'n volgende en finale rondte van die tussenverkiesing nou plaas op **5 November 2020 om 18h30**. Ouers kan reeds vanaf 18h10 registreer in die voorportaal van die kantoorblok.

Dit is belangrik om daarop te let dat geen kworum vir hierdie vergadering benodig word nie. Vooraf-nominasies reeds ontvang vir 22 Oktober bly geldig vir 5 November. Verdere nominasies kan ingedien word tydens die nominasievergadering, wat die verkiesing voorafgaan op 5 November 2020.

Mnr. J. Pekeur, van Ashbury Primêr, sal as kiesbeampte tydens bogenoemde verkiesing optree.

U kom die terrein binne vanaf die aflaaisone in Du Toitstraat. COVID-19 veiligheidsprotokol sal gevolg word.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Geborg deur:
SPAR MONTAGU
volg ons op
sparmontagu
023 614 2080